AANSOEKVORM

Brangus SA Beestelersgenootskap - Tegniese Veldbeampte

Posvereistes

Die Brangus SA Beestelersgenootskap het ‘n vakature beskikbaar vir ‘n Tegniese Veldbeampte. Dit is ‘n voltydse permanente pos. Die Branguskantoor is in Bloemfontein gesetel.

Die suksesvolle kandidaat moet bereid wees om baie te reis en na-ure te werk. Die vergoedingspakket is markverwant met toegang tot hulpbronne vir effektiewe werkverrigting.

Die kerndoel van die pos is grondvlakbetrokkenheid by die Brangustelers om rasverbetering te bevorder asook die groei in kuddegetalle en die werwing van nuwe telers en lede.

Toepaslike opleiding t.o.v. die Brangusrasstandaarde, raskeuring en Breedplan sal verskaf word.

Posvereistes:

- ‘n Passie vir en belangstelling in beeste met toepaslike kennis van beesrasse asook kennis van rasverbetering met genetika- en genomikaprosesse.
- Graad 12 as minimum akademiese kwalifikasie MET ten minste 5 jaar toepaslike bewese werkservaring in kuddebestuur en/of as veldbeampte vir ‘n beesras is ‘n absolute vereiste. ‘n Diploma/B. Tech-graad/B.Sc-graad in Veeteelt sal as sterk aanbeveling dien.
- SLEGS kandidate wat aan bogenoemde vereistes voldoen sal vir die pos oorweeg word.

Die suksesvolle kandidaat moet:

- Bewys lewer van kwalifikasies en toepaslike werkservaring (benodig sertifikate en verwysings)
- Twee- of meertalig wees (Afrikaans of Engels is ‘n vereiste)
- Goeie menseverhoudings en ‘n goeie kommunikasievermoë hê – geskrewe, gesproke en aanbiedingsvaardighede
- Het goeie kennis en bewese IT-vaardighede in die gebruik van Microsoft Office-produkte en die Internet. Kennis van Breedplan sal in jou guns tel.
- Oor goeie organisatoriese vaardighede beskik – insluitend administratiewe vaardighede
- Goeie bestuursvermoëns toon en selfstandig kan werk
- Kliënt-georiënteerd en taakgerig wees
- Beskik oor ‘n geldige RSA kode 08 rybewys.

Die sluitingsdatum vir aansoeke is Dinsdag, 30 November 2021 en die onderhoude sal tussen 1 en 10 Desember 2021 plaasvind.

Vir jou volledige aansoek word die volgende dokumentasie benodig:

1. Die volledig ingevulde aansoekvorm.
2. ‘n Volledige CV – ingesluit ‘n gedetailleerde uiteensetting van jou werkservaring en verwysings (referente wat telefonies en/of per e-pos gekontak kan word).
3. ‘n Gesertifiseerde afskrif van jou geldige SA ID-dokument.
4. ‘n Gesertifiseerde afskrif van jou geldige RSA kode 08 rybewys.
5. ‘n Gesertifiseerde afskrif van jou hoogste akademiese kwalifikasie.

E-pos jou volledige aansoekpakket na die volgende twee persone:

- Moné Heppell van die Branguskantoor by admin@brangus.org.za
- Francois Scholtz by francoisscholtz37@gmail.com

Baie dankie vir jou belangstelling in die pos van Brangus SA se Tegniese Veldbeampte.
(‘n Ontvangserkenning van jou aansoek sal deur die Branguskantoor per e-pos bevestig word.)

Die inligting in die aansoekvorm hieronder verskaf is vertroulik en word as sodanig hanteer - SLEGS vir die gebruik en doel van hierdie aansoek

Persoonlike inligting:			
Van:		RSA ID-nommer:	
Volle name:		SARS Belastingno.	
Noemnaam:		Geboortedatum:	

Kontakgegewens:			
Woonadres:			
Posadres:			
E-posadres(se):			
Selfoonnommer(s):		Ander kontaknommer(s):	
Facebook-rekening: Indien beskikbaar			
LinkedIn-profiel: Indien beskikbaar			
Twitteradres: Indien beskikbaar			

Onderwys en opleiding: (Kortliks – volledige inligting in CV)		
Skool/Kollege/Universiteit:	**Kwalifikasie behaal:**	**Jaar:**
Skool/Sekondêr:		
Na-skool/Tersiêr:		

Addisionele/relevante kursus(se) voltooi: (Kortliks – volledige inligting in CV)		
Kursus voltooi:	**By watter instansie**	**Datum**

Geteken: _____

<u>Toepaslike</u> werkservaring: (Kortliks – volledige inligting in CV)		
By instansie(s) voorheen gewerk/werkgewers(s)	**Tipe pos beklee/werk verrig**	**Tydperk / Jare diens**

Verwysings/Referente: (Kortliks – volledige inligting in CV) (Minimum van drie referente)		
Referent se voorletters/naam en van	**Jou verbintenis met die referent**	**Kontaknommer/e-posadres van die referent**

Addisionele inligting: (Kortliks – volledige inligting in CV)								
Vrae		**Ja**	**Nee**	**Verduidelik (Indien nodig meer volledig in CV)**				
1.	Is jy 'n Suid-Afrikaanse burger?							
2.	Het jy 'n geldige kode 08 rybewys?							
3.	Het jy 'n kriminele rekord of is aangekla vir 'n ernstige oortreding?							
4.	Het jy enige mediese toestand waarvan die werkgewer moet kennis neem?							
5.	Is jy bereid om ter wille van die werk baie te reis en uithuisig te wees?							
7.	Is jy bereid om na-ure en oor naweke te werk indien nodig?							
8	Sal jy bereid wees om na Bloemfontein te verhuis indien nodig?							
9.	Hoe het jy van die vakature gehoor? Meerdere keuses is toelaatbaar. **Merk X**	Brangus-webblad		Brangus Facebook	Vriend	Gedrukte media	Aanlyn-media	Ander
10.	**Gee redes waarom jy vir die pos as Tegniese Veldbeampte aansoek doen?**							

Indien jy teen 10 Desember 2021 nie gekontak is vir 'n onderhoud nie, was jou aansoek onsuksesvol .

Geteken: _____